# "VOX LEONIS"

VOL I NO. 2

AUGUSTUS/AUGUST 1971

# ONS SKOOLWAPEN
# OUR SCHOOL BADGE

Op 7 Oktober 1954 het mev. N.J. le Roux, eggenote van die Inspekteur van Kaapland se skole, ons skoolwapen met 'n besielende toespraak onthul. Een en almal in die saal het op daardie dag 'n gevoel van trots en nuwe besieling ondervind toe die gordyn oopgeskuif en twee kadette onder trompetgeskal die wapen gesalueer het.

The Lion with its noble characteristics of strength, royalty, dignity and courage is symbolic of prestige. What it stands for, however, goes deeper than that.

Die trotse kop en wrede kloue is los van die liggaam. Dit wat skade kan berokken, is skadeloos gestel. Dis inderdaad 'n simbool van harde stryd - die daaglikse stryd van die onderwyser en die leerling ter verkryging van kennis deur harde werk - Scientia per Ardua.

The Lion embellishes the coat-of-arms of Sir Peregrine Maitland, and all who belonged to his family were obliged in all circumstances to bring no dishonour to such a worthy animal. Our badge is ennobled by means of this lion symbolic of proud endeavour, courage, perseverance, the awareness of strength without force and consequently the more ready to gain knowledge day by night - Scientia per ardua.

Mnr. G. van der Reis het ons skoolwapen smaakvol en volgens heraldiese standaarde ontwerp.


This is what the badge means to the Maitland High School teachers and pupils alike. We are proud of our badge and uphold its ideals. May the badge be a constant source of inspiration to those who work under it.

Redaksie/Editorial

## REDENAARSKOMPETISIE - 1971

Die kompetisie is gehou in Vishoek se N.G. Kerksaal. Dit is maar 'n klein saaltjie.

## REDAKSIE/EDITORIAL




ANNETTE HATTINGH - Redaktrise

HYMIE ODES - Editor

BEATRIX J. VAN RENSBURG/MARIUS MOSTERT - Algemene nuus
General News

LEANA PIETERS/ANDRÉ BESTER - Sport

HILDA VORSTER - Eie Rubriek

MISS RAMSAY - Typing

MNR DE WAAL - Afrolwerk

---

Met hulle harte in hulle kele het al agt sprekers daar aangekom. Hulle het nommers getrek vir die volgorde waarin hulle sou praat.

Die onderwerpe was baie goed voorberei en mnr. P.S. Meyer, een van die skrywers van ons Taalboek, het gesê dat die taalgebruik van 'n hoë gehalte was.

Ons spreker se onderwerp het gehandel oor: Die Afrikaner in die stad is besig om weg te beweeg van die tradisionele ideale, strewes en beginsels van die Afrikanerdom.

Die eerste plek is gedeel deur 'n dogter en 'n seun van die hoërskole Zwaanswyk en Milnerton onderskeidelik. Die derde plek is behaal deur 'n seun van die Hoërskool Voortrekker. Elke spreker het 'n Afrikaanse woordeboek gekry.

Dit is met groot sugte van verligting dat die sprekers en spreeksters die saal verlaat het om huis toe te gaan.

Sulke dinge is darem nie goed vir mens se senuweetoestand nie!

## WINTERLOOP/WINTER WALK

On Friday, 6th August, we held our Winter Walk. We were dressed in comfortable clothes and walking-shoes. After Mr Ebersohn's speech we left. Everyone bottled for first place. We watched in wonder as the fittest, the sportsmen, jogged past us while our legs felt as if they could not carry us a metre further.

Daar was 'n taamlike stryd tussen die 9'As en juff. De Jong. Juff. De Jong het egter haar man gestaan en ons goed opgekuil. By juff. Ramsay kon geneen verby kom nie. Sy was net een te veel; dan nie van juff. Potgieter te vergeet nie! Sy het ons voorwaar sterk kompetisie gebied en het die 20 km met gemak baasgeraak.

A few of the competitors were clever enough to bring music along with them. In no way did the heavy downpour affect the walkers. Either by dragging their feet along or by crawling, everyone managed to complete the 20 Km. Delicious warm soup and rolls awaited us to oust away our tiredness. We thank Miss Otto and her helpers for this.

Nadat al die petaljes van die lang pad uitgeruil is, het almal steun-steun huis se kant toe gestaan. Marius, wat vlak teen die skool bly, was so poot-uit dat hy sy tas by die skool laat bly, of vergeet het.

We thank everyone that supported our Winter Walk: members of staff, competitors and those who sponsored us. The school is truly grateful for everyone's co-operation.

Mev. Coaton en mnr. du Toit het ook albei 'n groot rol gespeel. Ons se dankie aan mev. Coaton wat so 'n groot deel van die organisasie behartig het. Ons is seker dat, waar ons met seer bene geloop het, mev Coaton se hande seer was van die aanhoudende uitskryf van borgvorms.

Mr Smit walked behind all the competitors and made sure that those who lagged behind reached the school in safety.

Ons sê ook dankie aan al die ander lede van die personeel wat saam met mnr Ebersohn gesorg het dat alles goed afgeloop het.

Freddie Oosthuizen set us an example when he completed 10 Km. Another pupil who was also an inspiration to the competitors is Fred Fourie. Even though he has not been well he completed 20 Km. Both boys were given school badges.

Die hele skool het saam met die personeel 'n koeldrank geniet. Daar is tot op datum al meer as R1 100 ingesamel.




IN THE LIMELIGHT

9E as seen by Shakespeare

9E in Albie's rest room

There we live as merry as the day is long.
...."Much Ado"

Ch----o
Care's an enemy to life
....."Twelfth Night"

R-g-r
A merrier man I never spent an hour's talk withall.
......"Love's Labour Lost"

An----y
He is a very valiant trencherman.
...... "Much Ado"

T----sa
So light a foot
...... "Romeo and Juliet"

H-m--, arriving at school on Mondays,
And thereby hangs a tale
.... "As You Like It"
"Taming of the Shrew"

A new name: S-l--n Romeo H---w-tz
..."Romeo and Juliet"

9E in a classroom without a teacher

Mischief, Thou are afoot
...."Julius Caesar"

9E when Friday comes

For this relief much thanks
.."As You Like It"

9E preparing for a test

Repent what's past
.... "Hamlet"

9E facing the final examination

Chaos is come again
.... "Othello"

9AE's in the Typing Class

Climbing the Typing Ladder

She recently had a bad fall,
But not from the typing ladder at all,
But this does not at all prevent
Her being top in the next event.

To live in hope is good they say,
But I am waiting for the day
To see her name inscribed in gold
Before the day I am too old.

So determined a young lass
You'll never find,
She has reached the top
And will not drop.


Her name is up in gold
Whether it will remain is untold
For she sometimes does not listen
And therefore types the incorrect lesson.

Never a word from her I hear,
I often wonder if she's near.

She remains very calm
Under the stress, and competition,
But there is alarm
If she loses first position.

There is no end
To what she says
I wish she would type
As fast as she talks.

„Die Agteros kom ook in die kraal".
This is what she to herself applies
Amidst her numerous sighs






.......... hoe vorder die romanse tussen Doreen en Kobus? Hy dra elke middag na skool haar tas vir haar huis toe.

......... Marietjie het haar hart gedurende die vakansie in die Transvaal verloor? Sy put darem troos uit die brief wat sy elke week ontvang?

..........Anthony het 'n bromponie aangeskaf om Francina pouses huis toe te neem?

....... Ester soek naarstiglik na 'n maat vir die matriekafskeid? Die wat beskikbaar is, voldoen nie aan haar vereiste nie; kort hare!

.......... dat Eric die vakansie om ander redes by Dawie gekuier het? Die bure het 'n oulike dogter?

......... dat juff. de Jong nog nie weet dat Gert en Suzette „gekys" is nie?

........ that since Amanda has been watching the first rugby team play, Hannes Theron has been kicking more accurately?

....... that Roger has recently switched from girls to motor cars, as they are easier to control?

....... that since he started to work in the Tuck Shop, Selwyn is no longer on a diet?

....... that Stephen has given up "puffing" as the Winter Walk took his breath away?

CHEERS!

# IN THE NEWS
# IN DIE NUUS

Geluk aan Ancia Geldenhuys, 'n oud-leerling wat verloof is.

---

Leonie de Roubaix voltooi aan die einde van die jaar haar studies as onderwyseres. Sy het by die Laerskool proef gegee en het baie goed gevaar.

---

Geluk aan Dicky Oosthuizen, 'n oud-leerling, en sy vrou Maxie wat 'n dogtertjie ryker geword het.

---

Potjie van Jaarsveld het toe soos ons verwag het, die W.P. rugbyspan gehaal. Geluk en hou so aan.


---

Congratulations to Cheryl Johnson, a former pupil of last year who has recently got married.

---

A surprise as well as a disappointment awaited us this term. We were delighted to hear that Miss de Jong had got engaged during the holidays. We are however very sorry to hear that she will be leaving us at the end of this term. She will be teaching at the Commercial High School in Johannesburg for the last term and next year she will be shifting to Pretoria. We will miss her tremendously but we wish her every success and happiness in her future life. We hope she will miss us as much as we are going to miss her. Thank you Miss de Jong for your contribution to Maitland High School.

# POET'S PAGE




August 6th, 1971

## THE WINTER WALK

Everyone is talking,
About winter walking.
Today's the day,
One, two, three! Everyone's away.
Who will last 20 Km?
Nearly all, including teachers.
It is fun.
Walk, walk, walk,
Take an orange, a ticket, a pin,
Return in haste,
To soup and bun,
Promised to us, after the fun.


P. Dom 9A



## "STOCK CAR"

Large red modern monster,
Screaming round S bend.
Broad tyres gripping, screeching, smoking.
Bits of rubber sticking to warm tar.
Perspiring behind the wheel, the driver sits
His car out of control.

C. Opperman 9E



## "COMMUNICATION"

Chirp chirp chirp chirp,
The tiny instrument full of power springs to life;
Once again the exchange did its duty,
Rattling away as the caller dialled.
Unfortunately there was no reply.
But, after another attempt the caller made his connection
And was thankful for the fact that Alexander Bell had invented
The common form of communication,
The telephone.

S. Horowitz 9E




## "WAR"

Black dreary clouds.
Men in muddy trenches
The eerie echo of guns.
A wounded man's memory -
The droning of aeroplanes
The bitterness .........
The hate ...............
The war ................

J. Mattera 10E


# Fragments bridges

Creatures march ruthlessly through the thick undergrowth, savagely destroying anything in their path. These are the "soldier" ants. Nothing can stop them once they are on the march, not even the wide swift-flowing Amazon River, giant of all causeways. As they approach this foaming monster, they form themselves into a narrow column, about twenty yards in breadth and twenty miles in length. They then walk on into the water and form a bridge. The first four miles of them are killed or swept away by the water, but after a short while the river is dammed up and the survivors can walk across in safety, over their former companions. There is no other bridge quite like this, anywhere else in the world.



T. Sykes 9E

Hunger tormented the ape-man and he could stand it no longer. With his hairy, plate-like hands, he wrenched a tree from the ground and flung it across the ravine. His mouth opened up and his yellow protruding teeth gnashed on each other. He crossed by means of the trunk, his first bridge, and his his frightened prey fled through the bushes.



B. Wasserfall 9E

From the material to the spiritual .... The bridge between sanity and insanity is narrow. We must constantly guard against insanity, for, is the world not in such a state as to drive us insane. A weak character cannot stand up to the strain of life and this results in a nervous breakdown. Immediately he is on the bridge crossing to insanity. In the middle of the bridge there is a red line. If this red line is crossed there is no return, no coming back to the world of sanity. We must fight to stay on the right side of this bridge, make an effort not to cross the red line because on the other side of the bridge man and animal are equal

There is also a bridge between life and death. On this bridge people walk in fear. Their steps are leaden and their hands cling to the railing for support. They do not want to cross. They do not want to die. Man fears the unknown and because no-one has returned from the other side of this bridge, no-one knows what lies on the other side. The anonymity on the other side of the bridge awakes fear in man. That is why man fears the bridge of life and death.

K. Kotze 9E.

## DIE ONTWIKKELING VAN FILMS EN DRUK VAN FOTOS

Die publiek stap vandag net by 'n apteek in en gee hulle film vir die apteker. Na 'n paar dae gaan haal hulle dit weer sonder om te weet wat presies gebeur met die film vandat hulle dit ingelewer het, totdat hulle die foto's klaar gedruk ontvang het. Daar word van 'n reeks chemiese prosese gebruik gemaak om die oorspronklike beeld wat deur die kamera se lens geval het, om te sit in 'n permanente afdruk of foto.

Die film is bedek met 'n chemiese stof wat baie sensitief is vir lig. Hoe skerper die lig wat op die film val, hoe donkerder word daardie spesifieke deel van die film na 'n fotografiese saak wat die ontwikkeling van films en die druk van foto's behartig. In 'n donker laboratorium word die film uit sy houer verwyder en in 'n ligdigte tenk geplaas. Dan word verskillende chemikalieë om die beurt in die tenk gegooi.

Eerstens word die ontwikkelaar in die tenk gegooi. Dit is die belangrikste deel van die proses want nou maak die oorspronklike beeld sy "verskyning". Dit is belangrik dat die film nie onder of oor ontwikkel nie daarom word daar fyn gelet op die tyd wat die film aan die chemikalie blootgestel word. Hierdie tye wissel na gelang die film of the ontwikkelaar wat gebruik word. Op hierdie stadium is die film nog baie sensitief vir lig. Om die beeld permanent te maak word van die fikseermiddel nou by gevoeg. Daarna word die film baie deeglik gewas deur dit aanhoudend met water te spoel. Die film word nou uit die houer verwyder en opgehang om droog te word. Sodra dit droog is, word die film opgesny in die verskillende negatiewe. Noudat die negatiewe daar is, kan die foto's gedruk word.

As ons nou na die negatiewe kyk, kan ons sien dat die ligte beelde donker vertoon en die donker beelde vertoon lig. Daarom word dit 'n negatief genoem. Foto's is

is die positiewe weergawes van hierdie negatiewes. Oor die algemeen is die foto's groter as die negatiewe. Dit word verkry deur van 'n vergroter gebruik te maak. Die vergroter projekteer 'n vergrote weergawe van die negatief op 'n vel fotografiese papier. Hierdie vel fotografiese papier word ontwikkel op dieselfde prinsiep as die negatiewe. Dit is dan die foto's wat ons by die apteker kry. Hierdie hele proses vind in 'n feitlik donker kamer plaas. 'n Groen of geel lig wat nie die film affekteer nie, word gebruik om die kamer so te verlig dat die tegnici kan sien wat hulle doen.

W.Loubser 8A

## VLUGTELING

Die gerammel van die trok maak my wakker. Ek kyk op my horlosie. Daar is nog 'n uur oor. Koorsagtig begin ek en my maat planke uit te kap met die byl.

Vannag is ons enigste kans. Ons is siek en sat vir die plek. Die kersie flikker. Ek hou die kombers daaroor sodat die wagter dit nie moet sien nie. Sou hulle dalk die gekap hoor? Ek hoop nie so lnie. Die eerste plank spat en die wind waai die kersie dood. Nou wag tot die trein stadig teen die volgende bult uitkruip.

Alhoewel dit koud is sweet ek. Ek hang langs die trok totdat my voete skielik grondvat. Amper beland ek onder die wiele. Enige oomblik kan die mashiengewere begin hoes. Ek hang laag af en los. Ek is vry!

R. Jordaan 8A



## ONS EERSTE VERVOLGVERHAAL

Hoofstuk 1 deur Kosie Burger

## DIE WASMUSEUM

Dit is nou al elfuur in Londen. Die groot „Big Ben" het twee-en-twintig keer geslaan.

In die hawestrate is alles mistig. Hier en daar brand die ou straatlampe nog. Vier strate van die Hoofstraat staan die ou Wasmuseum. Dit is stil en verlate, want gisteraand het mnr. de Waal op 'n geheimsinnige manier verdwyn. Die meeste mense sê dat dit 'n onheilsplek is. Die stilte word onderbreek deur 'n konstabel wat 'n deuntjie fluit. Die tuinhekkie kraak toe hy dit oopstoot, en voetjie vir voetjie sluip hy na die agterste venster van die museum. Hy is onbewus daarvan dat iemand hom gewaar het. „Ha ha! Jou pes! jy waag dit nog né!" sê die persoon saggies. Die offisier verstyf in sy spore. „Hallo, en dit?" Op die grond is daar vars was. Hy is onbewus van die figuur wat nader kruip. Die geheimsinnige persoon bring skielik 'n mes tevoorskyn en steek die offisier in sy rug. Met 'n kreun sak die offisier dood in sy spore neer. Die persoon verdwyn deur 'n valdeur in die grond.


Die oggenstilte word onderbreek deur 'n gil. Konstabel van der Spuy spring uit die bed en ruk sy gordyn oop. „Ek wens die wasmuseum was al afgebreek!" Daar lê iets op die grasperk. Dit lyk soos ... „Wat de duiwel" Hy gaan haal gou sy verkyker. Die agent sien 'n onvergeetlike gesig. Hy sien die offisier dood op die gras lê.


Wie het die offisier vermoor?

Wat is die museum se geheim?

Wie en waar is mnr. De Waal?

Moenie hoofstuk 2 misloop in die volgende uitgawe van "VOX LEONIS" nie.





# RUGBY

## ONS BLY ONOORWONNE!

Soos ons verwag het, speel ons hierdie kwartaal teen heelwat sterker spanne as in die eerste gedeelte van die seisoen, maar nogtans speel ons O19A met elke wedstryd net nog harder en is ons ook nog onoorwonne vanjaar! Die O19A kan spog met 'n pragtige rekord tot op datum - 292 punte is deur hulle aangeteken in tien wedstryde terwyl hulle teenstanders slegs 40 punte teen hulle kon aanteken. Mooi so!

Die O19B doen ook verbasend goed as ons in ag neem dat hulle soms maar erg sukkel om vyftien fikse manne in die veld to stoot. In die oefeninge staan hulle ook glad nie terug vir die eerstespan nie.

Ons O.15 spanne kry soms ook maar swaar teen groter teenstanders, maar geniet die spel en is baie gewillig. Hou so aan, daar is sommer 'n klomp van julle wat eendag ons eerstespan truie gaan dra!

A.v.R.

### O.19A vs Westcliff

Met 'n sterk wind agter ons rug het ons afgeskop in ons belangrike wedstryd teen Westcliff. Ons het heelwat gehoor van hulle goeie voorspelerspel en sterk agterlyn en het dus met mening ingeklim van die begin af. Dit het Westcliff heeltemal ontwrug en hulle kon net nie aan die gang kom na 'n moordende eerste helfte nie. Ons voorspelers het 'n wurggreep op hul teenstanders toegepas sodat ons agterlyn genoeg skoon balle kon kry om mee te hardloop.

Die wedstryd was skaars vyf minute oud of Johan Wolmarans slaag met 'n pragtige skepdoel, 3 - 0. „Wollie" het deurgans baie goed vertoon. 'n Pragdrie deur Hendrik Geldenhuys, aangevoer deur Peter Hall en vervyf deur Hannes Theron maak dit 8 - 0 in ons guns.

'n Kort rukkie later glip „Gellie" weer om die steelkant vir nog 'n mooi drie, 11 - 0. Francois se harde spel word 'n ruk later beloon. toe hy die bal oor die doellyn skop en dit binne in 'n modderplas toeval. Theron vervyf met 'n goeie skop, 16 - 0.

Alhoewel ons in die tweede helfte teen die wind moes speel, het ons nogtans sterk aangeval en twee mooi drieë gedruk. Hannes Coetzee, wat sy span pragtig gelei het, het vanaf 'n lynstaan in die hoek oorgeduik en John Fullex het met 'n tipiese stormloop gaan druk. Dit het die eindtelling van die wedstryd, seker ons beste vanjaar, op 22 - 8 te staan gebring nadat Westcliff 'n strafskof en 'n doel in die tweede helfte aangeteken het.

## O.19Bvs Batavia

In 'n harde wedstryd het die vyftiental van Maitland daarin geslaag om 'n oorwinning van 9 - 6 teenoor Batavia te behaal.

In die eerste helfte het Ewald Horne (slot) met 'n strafskop geslaag en Maitland laat voorloop met 3 - 0. Horne kon egter nie daarin slaag om 'n drie te vervyf nie. Teen rustyd was die telling 6 - 0 in die guns van Maitland.

Na rustyd het Maitland 'n bietjie laat slap lê. Daar was veral baie los spel en dit was asof die agterspelers nie op dreef kon kom nie. Batavia het twee drieë agtermekaar gaan druk. Die telling op daardie stadium was 6 - 6.

Kosie Smit het Maitland verseker van 'n oorwinning nadat hy die wendrie aangeteken het. Die eindtelling dus 9 - 6 in die guns van Maitland.

Hier volg die tellings van die 4 wedstryde van die O.19 B's

| | | |
|---|---|---|
| Maitland | 24 | Cape Tutorial 3 |
| Maitland | 8 | Bergvliet 11 |
| Maitland | 6 | Settlers 3 |
| Maitland | 9 | Batavia 6. |

## O.15 A vs Boland Landbouskool

In die eerste wedstryd van hierdie kwartaal het die vyftiental 'n nederlaag van 15 - 5 gely.

Maitland se punte is behaal deur ' drie van J. Groenewald. Dit is vervyf deur P. Geldenhuys.

Na rustyd het 'n bui reën uitgesak en die spel effens belemmer.

## O.15 A vs Bergvliet

In 'n taai wedstryd teen Bergvliet op Bergvliet se rugbyveld, het die O.15A's daarin geslaag om gelykop te speel. Maitland se vyftiental het goed opgeweeg teen dié van Bergvliet.

Maitland se enigste punte is in die tweede helfte aangeteken. Kobus Louw (senter) het na 'n baie mooi lopie 'n drie behaal. Die eindtelling 3 - 3.

Hier volg die tellings van die 4 wedstryde van die O.15 A's

Maitland 5 Boland Landbouskool 15
Maitland 3 Bergvliet 3
Maitland 0 Settlers 11
Maitland 3 Epping Hoër Skool 17

## RUGBY PUNTESTAND

| | S | W | V | G | Pv | Pt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| O.19A | 10 | 9 | 0 | 1 | 298 | 40 |
| O.19B | 9 | 5 | 4 | 0 | 123 | 57 |
| O.15A | 11 | 4 | 6 | 1 | 100 | 99 |
| O.15B | 10 | 3 | 6 | 1 | 57 | 163 |

## WAAR IS DIE MAITLANDERS

Dis Saterdagoggend! Ons rugbyspanne draf op die veld. Hulle lewer manjifieke spel; onderskep die bal, ryg die drieë in, gee skoppies wat in die lug hang en voer verpletterende laagvatte uit, ....... maar daar is geen Maitlanders om hul span toe te juig of aan te moedig nie! Ons is mos trots op hul prestasies. Kom laat ons dit aan hulle bewys deur die wedstryde in groot getalle by te woon. Dalk sien ons 'n briljante Ellis-kurktrekkerlopie, 'n Jansen-duikslag, 'n Frik-stormloop of 'n Muller-drie. Dit sal mos die moeite werd wees!

B. Janse van Rensburg

# NETBALL

After reading the report on the rugby we need not hang our heads in shame as we too have done particularly well this season. The 3rd league team has not lost at all and are hoping to bring back the shield at the end of the season. The other teams too have not done too badly and we hope that the last two matches will be played in a great spirit.

## le liga span

Met nog slegs 2 wedstryde om afgehandel te word voordat die netbalseisoen amptelik sluit, kan ons met trots se dat ons netbal van 'n hoe gehalte gespeel het. Mevrou Louw, ons afrigster het baie tot ons mooi en netjiese spel bygedra.

Wanneer die volgende netbalseisoen dan ook weer in 1972 open, sal die lste

span met 6 nuwe speelsters vervang word aangesien 5 speelsters tans in matriek is en die 6de speelster ook na st. 8 die skool sal verlaat. Ons hoop egter dat volgende jaar se 1ste span sal voortbou op die mooi fondament wat hierdie jaar gelê is.

### 3de Liga Span

Wanneer 'n mens na 'n wedstryd of oefening van die derde span kyk, merk jy dadelik die goeie spangees wat daar heers, op. Hulle kapteine, Suzette Kemp, spoor hulle tot die uiterste toe aan. Hulle het besluit om middae na oefening sonder die hulp van 'n onderwyseres te oefen, en sodoende verseker hulle dat hulle te alle tye fiks bly. Een van die doele, Suzie Willemse, sou oorspronklik die skool verlaat, maar nou bly sy nog tot die einde van hierdie jaar by ons om nie haar spanmaats teleur te stel nie. Die nuweling Sandra Booysens het ook gou aangepas en speel nou lekker met die ander lede van die span saam.

Aangesien hulle nog nie 'n wedstryd verloor het nie, word hulle met die grootste belangstelling dopgehou, en almal hou duim vas dat hulle hierdie jaar die skild sal verower. Elkeen lewer net haar beste en daarom kan hulle met sulke uitstekende resultate spog.

### 4de liga span

Ons span is regtig van plan om vir die ander skole te wys wat ons kan doen. Nie om naam te maak nie, maar om onsself tevrede te stel en ook ons deel by te dra by die bevordering van die Hoërskool Maitland se Wintersport.

Onder ons spelers is daar geen oneindigheid nie en almal geniet die wedstryd sowel as die oefeninge. As dit nie vir Francis en Liesie was nie sou die bal seker nooit by die doelpale uitgekom het nie.

Onder die pale verdedig Louisa en Colleen vang die bal. Die twee doele Netta en Kathleen is klein, maar baie rats. Glynda is die kaptein en ons is baie bly om haar as kaptein te he.

Ons is almal baie dankbaar vir Juffrou Ramsay, nie alleenlik vir haar vriendelikheid nie, maar ook omdat sy ons so aanmoedig en moed gee vir die wedstryde wat nog voorlê.

### 5th league team

Although we only play 5th league we have fared extremely well this term, having lost no matches so far.

One of the outstanding features of our team is our good combination. There is no bungling here! Everyone knows who to throw the ball to. It goes from Annette to Jacky, from Jacky to Amanda, and over to Pauline who shoots without aiming and most times scores for her team.

We hope we will justify our reputation and win the league as we did last year.

With Miss Ramsay behind us we look forward to some great matches this term.

### 7de span se stryd teen van Riebeeck

Dis hulle wat eerste afgooi,
maar Hester, die senter, wil hul sekerlik looi,
Sy spring in, maar dis te laat,
hul neem die bal af en al wat ons kry,
is kyke van haat.

Die volgende afgooi is vir ons.
Jy hoor net hoe van Riebeeck oor die
ligkop Adrianna gons.
„Sjoe! Sy's so rats soos 'n weerligstraal!"
Ja, hulle skrik hul skoon asvaal.

Gou was dit dan Elize se kans om te wys
wat sy kan doen.
Met haar goeie doel verwerf sy gou-gou
roem.
Alta kry ook 'n doel in, nogal gereeld,
daarom noem ek haar ook as 'n voorbeeld.

Dis weer hul afgooi. Met ons gaan dit nie
meer te wel.
Die een wat nou haar maat goed moet
verdedig, is verdedigende senter, Rozelle.
In ons teenstanders se doelkring staan
Hettie en beweer dat sy is dik,
maar as sy of Annemarie die bal onder
die paal kry,
Meen ons dis gladnie ongeskik nie.

### 8th and 9th teams

I sometimes wish that all our netball players would be as keen as the 8th and 9th teams. It is really a joy to watch them practise - they do enjoy it so much. When they come off the field their faces are glowing and one look at either Magrieta or Mary and I can see how much they have enjoyed themselves. We hope that you will form the foundation for some strong teams in the future.




What ten letter word starts with "gas"?

Answer: automobile.

---

Watter soort bande het Mnr. John Vorster op sy motor?

Antwoord: Hastings Banda.

---

Tom: What is hair?

John: Ear-to-ear carpeting

---

Father: "Yes, son, I began life as a bare-foot boy."

Junior: "Well, I was'nt born with shoes on either."

---

Onderwyser: „Jannie, waarom is jou opstel oor „MY HOND" presies dieselfde as jou broer s'n?"

Jannie: „Dit is altwee van ons se hond, mnr."

---

Lady (standing in the middle of the street): "Officer, can you tell me the quickest way to the hospital?"

Officer: "Sure lady, just stand where you are!"

---

Dorpsmeisie: „Watter snaakse huisie is dit daardie?"

Plaasseun: „Dit is nie 'n huisie nie, dis 'n hooimied"

Dorpsmeisie: „Jy kan my nie bluf nie. Hooi groei nie so op 'n hoop nie".

---

Definition of a dimple - a bump inside out.

---



Definition of a doughnut: A mad millionaire.

---

Dogtertjie: „Oom, hoekom is oom se snor aan die een kant dan so kort?"

Oom: „Sien, my kind, jou oom slaap altyd op die eenkant en dan skaaf die snorbaard af"

Dogtertjie: „Maar oom, my pappie staan tog nie op sy kop as hy slaap.. nie!"

---

Customer: "When I bought this cat you told me he was good for mice. He does not even go near them"

Clerk: "Well, is'nt that good for mice?

---

Who wrote the book the "Haunted Castle"

Answer: Hugo First.

---

<u>Ou Tafelbaai</u>


Ek staan op die hawe,
Die hawe van ou Tafelbaai,
Ek sien die skepe vaar,
Oor die blou waters in die baai.

Ek hoor die geblaas van die skepe,
As hul die baai verlaat.
Die ander weer as hulle
Ou Tafelbaai binnevaar.

Ek sien daar ver in die bloute,
'n Skip kom oor die baai,
'n Anker val in die water;
Die skip het die hawe gehaal!

Alles word rustig in the hawe,
Die mense verlaat die kaai,
Net hier en daar 'n werksman,
Wat die son sien onder gaan
Hier in ou Tafelbaai.

J. Norman 8A



# One Day In The Pasture

